# HOOFSTUK 8

## 'N HISTORIES-ARGEOLOGIESE ONDERSOEK NA DIE 1913-HUIS TE WILLEM PRINSLOO LANDBOUMUSEUM

"At all costs, all archaeologists need to remember that, like Antaeus, they must continue to touch the earth or they will lose their strength" (Jesse D. Jennings soos aangehaal in Boeyens 1998:102).

## 1. INLEIDING

Die Nasionale Kultuurhistoriese Museum is sedert 1976 die eienaar van 'n gedeelte van die plaas Kaalfontein 513 JR en bedryf dit as die Willem Prinsloo Landboumuseum (Carelsen 1995:32). Die grond is deur een van die Prinsloo-nasate, mev Miertjie le Roux, aan die museum geskenk. Die museum word as 'n lewende landboumuseum ontwikkel en bedryf. Derhalwe word geboue en ander strukture *in situ* bewaar (Basson e.a. 1993:1). Die uniekheid van die plaas Kaalfontein lê daarin dat die oorblyfsels van die lewenswyse van drie geslagte van die Prinsloofamilie hier bewaar kan word. Voorts dra die argitektoniese strukture kenmerke van die streeksboustyle van dié omgewing. Laastens is die konteks van die verskillende bewoningsfases op die plaas Kaalfontein belangrik, omdat dit in hulle oorspronklike omgewing bewaar gebly het (Basson e.a. 1993:3).

Die Nasionale Kultuurhistoriese Museum het teen 1988/9 'n nuwe gedeelte van die plaas Kaalfontein, ten ooste van die oorspronklike grond van die Willem Prinsloo Landboumuseum aangekoop (Carelsen 1995:40; Registrateur van aktes 1988). Dit het meegebring dat die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

historiese inligting oor hierdie deel ingewin moes word, om die toekomstige beplanning vir die hele terrein van die Willem Prinsloo Landboumuseum te doen. Tydens die inwinning van die inligting is gevind dat sommige van die strukture van een van die vier huise, naamlik die 1913-huis, nie meer bestaan nie en daarom is die behoefte vir argeologiese opgrawings bepaal. Opgrawings is met tussenposes, tussen April en September 1992 op die terrein gedoen (Van Vollenhoven :1993b).

Die Kontekstuele paradigma is benut tydens die navorsing. Op hierdie wyse is daar gepoog om die terrein so na as moontlik aan die oorspronklike te rekonstrueer. Deur hierdie toepassing is daar aan die navorsingsbehoeftes voldoen. Die navorsing voldoen voorts ook aan die erfenishulpbronbestuursbehoeftes, aangesien die behoeftes, wat deur die Museum geïdentifiser is, daardeur aangespreek word. Die uiteindelike doel met die navorsing was juis om die erfenis te rekonstrueer, te bewaar en as terreinmuseum vir die gemeenskap in te rig.

Van al die gevallestudies wat in hierdie studie bespreek word, was hierdie die mees omvangryke een en waarskynlik die enigste wat 'n navorsingsprojek op sy eie sou kon vorm. Nietemin word die navorsing van groter belang vanweë die koppeling daarvan aan die gemeenskapsbehoeftes, waardeur dit ook by die inheemse erfenis waarvan daar in hoofstuk 3 sprake is, aansluit. Hierdie verband met die kultuurerfenis van 'n spesifieke groep verhoog die belang van die navorsing en is die rede waarom dit by hierdie studie ingesluit is.

## 2. LIGGING

Die 1913-huis lê aan die noordekant, op gedeelte 17 van gedeelte 2, van die plaas Kaalfontein 513 JR. Dit is in die distrik Bronkhorstspruit, Gauteng. Die koördinate daarvan is tussen 28° 33'

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

en 28° 34' OL en 25° 46' en 25° 47' SBr op kaart 2528DC, Bronkhorstspruit, van die Suid-Afrikaanse 1:50 000 topografiese reeks (figuur 8.1-8.2).

## 3. TERREINBESKRYWING

Die plaas Kaalfontein is op die Hoëveldse plato van Gauteng geleë en is dus op 'n hoogte van meer as 1 200 meter bo seespieël. Dit lê in die kortgras plantegroeisone van Suid-Afrika (Heyns 1987-88:5-16; Janse van Rensburg 1994:17).

Dit is duidelik dat die terrein reeds ekstensief vir landboudoeleindes aangewend is. Leivore en ou ploegvore is sigbaar en gras en onkruid groei grootliks oor die hele terrein as gevolg van die versteuring. Aangeplante bome soos bloekom-, wattel- en ligusterbome kom hier voor. Grondpaaie loop ook deur die terrein.

Die 1913-huis lê aan die noordekant van die plaas (figuur 8.3). Dit is 'n reghoekige struktuur wat in 'n oos-wes rigting lê. Die mure daarvan staan nog. Die dak is met 'n tydelike nuwe dak deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum vervang ten einde die struktuur te beskerm, aangesien daar ten tye van die ondersoek beoog is om die huis te restoureer (figuur 8.4-8.6). Hierdie restourasie het gedurende 1994/5 plaasgevind (persoonlike mededeling: A Carelsen). Die bewoning van die huis kan in ongeveer vier fases verdeel word en 'n verskeidenheid vertrekke kom in die huis voor, wat deur die jare verskillende funksies gehad het (figuur 8.7).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Geen oorblyfsels van die buitegeboue was sigbaar nie. Daar is dus op historiese bronne gesteun om die ligging daarvan te bepaal. Die heroprigting van die buitegeboue is nie saam met die restourasie van die huis gedoen nie, maar word in die vooruitsig gestel.

Die helling van die gebied waar die 1913-huis opgerig is, is redelik gelyk, sodat verspoeling van die grond nie werklik 'n probleem is nie. Die terrein word begrens deur landerye aan die noordekant en weiveld aan die ooste-, weste- en suidekant daarvan.

## 4. HISTORIESE AGTERGROND

Aangesien 'n M.A.-verhandeling (Carelsen 1995) reeds die geskiedenis van die plaas en familie in diepte behandel het, sal net die hooftrekke hier genoem word. Die inligting uit die genoemde studie, is wel deeglik benut tydens die argeologiese ondersoek na die 1913-huis. Hierdie inligting is met inligting uit die kantoor vir akteregistrasie geverifieer.

Die eerste Prinsloo's wat die plaas Kaalfontein bewoon het, was Lang Willem en Cornelia Prinsloo. Hulle het twee seuns, Klein Lang Willem en Lang Hans gehad. Lang Hans het in 1914 met Bettie Booysens getrou en het na hul troue in die 1913-huis, wat spesiaal vir hulle gebou is, gaan woon. Uit die huwelik is vyf kinders gebore, waarvan die eerste vier, naamlik Willem, Bettie, Jan en Cora, saam met hul ouers in die huis gewoon het. Die huis is tot ongeveer 1927 deur die huisgesin bewoon, waarna hulle in 'n nuwe huis, ten suide van die 1913-huis, gaan woon het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Van 1928 tot 1945 is die huis nie bewoon nie. Gedurende 1945 is die agterstoep, stoepkamer en buitegeboue van die 1913-huis gesloop, terwyl die huis self sekere strukturele veranderinge ondergaan het. Lang Hans Prinsloo se dogter Bettie, het ná haar troue (1946) die huis tot 1950 bewoon. Hierna het haar broer, Jan Prinsloo en sy vrou, die huis tot 1959 bewoon. Van 1959-1966 het die huis weer eens leeg gestaan. Tussen 1966 en die vroeë tagtigerjare is die huis sporadies deur huurders bewoon (Carelsen 1995:38).

Gedurende 1988/9 is die gedeelte van die plaas waarop die 1913-huis staan, deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum aangekoop. In hierdie stadium was dit die eiendom van mev Ansie Fourie, kleindogter van Lang Willem Prinsloo (NAB, 4 832/66; NAB, 59 601).

## 5. DIE ARGEOLOGIESE ONDERSOEK

Omdat uitgebreide historiese navorsing oor die geskiedenis van die plaas Kaalfontein en die strukture daarop reeds gedoen is (Carelsen 1995), sal hier slegs aan die opgrawings aandag gegee word. Daar is egter wel in 'n groot mate op die historiese inligting gesteun ten einde te weet waar om op te grawe en om vondste te identifiseer en te interpreteer. Hieronder tel die fotoversameling van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum en persoonlike onderhoude wat met mnr BJJ Prinsloo gevoer is. Mnr BJJ (Jan) Prinsloo, voormalige bewoner van die plaas en inwoner van die 1913-huis, se geheue is ook ingespan om hiermee behulpsaam te wees. Op hierdie wyse is die inligting, soos uit die literatuur verkry, deur middel van mondelinge getuienis aangevul. Die opgrawing het ook as interne kritiek gedien deurdat dit benut is om die historiese inligting te verifieer. Aangesien die foto's van die familie verkry is, word die outentiekheid daarvan nie in twyfel getrek nie. Dit is nie geneem met die oog op 'n historiese rekonstruksie van die terrein nie, maar was bloot deel van die familie se persoonlike herinneringe.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Dit moet gemeld word dat grootskaalse opgrawing van die strukture (of moontlike strukture) plaasgevind het, omdat daar deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum beplan is om die strukture weer op te rig en te restoureer. Normaalweg word 'n terrein gedeeltelik opgegrawe sodat latere navorsers met beter metodes en tegnieke dit verder kan opgrawe en moontlik met nuwe bevindinge oor 'n terrein vorendag kan kom (Carter 1980:13).

Daar is begin deur die vier hoekpunte van 'n ruitnet uit te sit om sodoende die hele bestudeerde gebied in te sluit (figuur 8.8). Basispunte, wat gebruik is vir plantekeningdoeleindes, is hiervolgens uitgelê.

Die strukture wat ondersoek is, was die volgende:

Buitegeboue:

- Bad- en strykkamer
- Watertenk en koeler
- Rondawel
- Somershuisie

Ander strukture:

- Die huis
- Agterstoep
- Seunskamer

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Die res van die huis is nie ondersoek nie, aangesien 'n struktuuranalise daarvan reeds tevore gedoen is. Ander verskynsels wat ondersoek is, was die volgende:

- Voortuin
- Ashoop

### 5.1 Buitegeboue

5.1.1 Bad- en strykkamer (figuur 8.9-8.10)

Die vertrek was noordoos van die huis opgerig en het 'n ongeverfde sementvloer gehad (Carelsen 1995:220) (figuur 8.8). Na gelang die navorsing gevorder het, is twaalf toetsslote hier uitgemeet om bevindinge wat gemaak is verder te ondersoek. Historiese foto's, die geheue van mnr Prinsloo en 'n effense hopie grond, het gehelp om te bepaal waar opgegrawe moet word. In al die toetsslote is arbitrêre lae van 5cm diep gegrawe. Die eerste laag was in alle gevalle steriel.

5.1.1.1 Toetsslote

Toetssloot 1:

Nadat ou foto's bestudeer is en mnr Prinsloo uitgewys het waar die bad- en strykkamer ongeveer moes gestaan het, is toetssloot 1 uitgemeet. Dit is 'n vierkantige toetssloot met sye van 1,5 meter en is ongeveer in die middel van die aangeduide struktuur uitgemeet.

In laag 2 is 'n kleierige laag in die suidoostelike hoek van die opgrawing gevind (figuur 8.11). Dit is gedokumenteer en daar is deur dit gegrawe om vas te stel wat daaronder voorkom. Daar is bevind dat die kleierige laag waarskynlik oorblyfsels van 'n vloer of gekompakteerde materiaal

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

onder 'n vloer is. Slegs steriele grond is daaronder gevind. 'n Klein hoeveelheid kulturele materiaal is gevind.

Toetssloot 2:

Toetssloot 2 is suid van toetssloot 1 uitgemeet in 'n poging om meer van die "vloer" bloot te lê (figuur 8.9-8.10). Dit is vierkantig, met sye van 1 meter lank. Die kleilaag is ook hier gevind en dit het by dié in toetssloot 1 aangesluit (figuur 8.11). Die oostelike helfte van die toetssloot is verdiep (laag 2) ten einde te sien wat onder die "vloer" lê. 'n Aantal halwe bakstene is presies in lyn gevind. Dit het later geblyk in lyn met klippe uit toetssloot 3 te wees en is waarskynlik 'n aanduiding van die westelike muur van die bad- en strykkamer.

Toetssloot 3:

Hierdie reghoekige toetssloot is noord van toetssloot 1 uitgemeet en strek in 'n noordelike rigting, met sye van 2 x 1 meter (figuur 8.9-8.10). Dit strek ver genoeg noordwaarts, sodat dit verby die aanduiding van die noordmuur deur mnr Prinsloo, strek. Die doel daarvan was eerstens om oorblyfsels van die noordmuur te vind en tweedens om te sien of die kleilaag ook hier sigbaar is.

In laag 2 is 'n aantal klippe teen die westekant van die opgrawing gevind. Dit was in lyn met die bakstene in toetssloot 2 en is gevolglik as 'n vae aanduiding van die wesmuur aanvaar. Die aanduiding van dié muur, deur mnr Prinsloo, was egter sowat een en 'n half meter verder wes. Geen moontlike vloerafsetting is gevind nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Toetssloot 4:

Na aanleiding van dit wat in toetssloot 3 gevind is, is toetssloot 4 reghoekig en loodreg met toetssloot 3 in 'n westelike rigting uitgemeet (figuur 8.9-8.10). Die sye daarvan is 1,5 x 0,75 meter. Die doel was om mnr Prinsloo se aanduiding van die noord- en wesmuur te ondersoek.

'n Groot klip is heel wes in die toetssloot gevind. 'n Groot konsentrasie boumateriaal is ook gevind. Dit het uit ouklip en baksteenbrokkels bestaan. Die toetssloot het geen beduidende inligting opgelewer nie.

Toetssloot 5:

Toetssloot 5 is parallel met toetssloot 3 uitgemeet, met sye van 1,3 x 0,5 meter. Dit strek vanaf toetssloot 1 tot teenaan toetssloot 4, met ander woorde in 'n noordelike rigting (figuur 8.9-8.10). Die doel daarvan was om beter aanduidings van die moontlike muur, wat in toetssloot 3 ontbloot is, te kry. 'n Enkele klip is min of meer in lyn met die aanduiding van die westelike muur in toetssloot 3 gevind. Voorts is 'n bietjie boupuin en kulturele materiaal blootgelê.

Toetssloot 6:

Hierdie toetssloot is aan die suidekant van en teenaan toetssloot 2 uitgemeet. Dit is 'n lang reghoekige toetssloot, uitgemeet van oos na wes en met sye van 2,4 x 0,5 meter (figuur 8.9-8.10). Dit het 'n tweeledige doel gehad, naamlik om volgens mnr Prinsloo se aanduidings, 'n gedeelte van die wesmuur bloot te lê en om 'n aansluiting met die "vloer" in toetssloot 2 te vind.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Geen aanduiding van 'n muurfondament is gevind nie. Kulturele materiaal en 'n waterpyp wat in die veertigerjare aangelê is (Carelsen 1995:38), is ontbloot. Die kleierige laag is ook hier gevind, hoewel dit verder oos as dié van toetssloot 2 geleë is (figuur 8.11). Daar kan aanvaar word dat die installering van die waterpyp groot dele van die oorspronklike vloer en fondament vernietig het.

Toetssloot 7:

'n Smal toetssloot van 2,5 x 0,25 meter breed is tussen toetsslote 3 en 6 uitgemeet (figuur 8.9-8.10). Dit strek in 'n noordelike rigting. Die doel daarvan was om aansluiting met die kleilaag in toetssloot 1, 2 en 6 te vind. Dit is wel gevind en het geblyk net sover noord as dié in toetssloot 1 te strek (figuur 8.11).

Toetssloot 8:

Toetssloot 8 is los van die ander toetsslote, aan die oostekant tot teenaan 'n ou ploegvoor uitgemeet, in 'n poging om oorblyfsels van die oosmuur te vind en om te kyk hoe ver die kleilaag ooswaarts strek (figuur 8.9-8.10). Dit is in 'n oostelike rigting uitgemeet, met sye van 1,5 x 1 meter. Slegs teen die suidwestekant van die toetssloot is 'n gedeelte van die kleilaag gevind (figuur 8.11). Die res van die toetssloot was steriel.

Toetssloot 9:

Hierdie reghoekige toetssloot is loodreg met toetssloot 3, tot teenaan die genoemde ou ploegvoor uitgemeet (figuur 8.9-8.10). Dit strek dus van wes na oos en het sye van 2 x 0,5 meter. Die doel

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

was om oorblyfsels van die muurfondament van die noordelike en oostelike muur te vind. Slegs 'n bietjie boupuin en kulturele materiaal is gevind.

Toetssloot 10:

Die toetssloot is reg oos van en teenaan toetssloot 7 uitgemeet, met sye van 3,5 x 0,5 meter. Dit strek in 'n noordelike rigting en is uitgemeet met die doel om meer van die kleilaag bloot te lê (figuur 8.9-8.10). Oorblyfsels hiervan is wel gevind en het aangesluit by dit wat in toetsslote 6, 7 en 8 gevind is (figuur 8.11).

Toetssloot 11:

Dit was nou duidelik dat die kleilaag nie verder noord-, oos- en weswaarts gestrek het as dit wat reeds ontbloot is nie. Toetssloot 11 is suid van toetssloot 6 en parallel daarmee uitgemeet om te sien hoe ver die kleilaag suidwaarts strek en om oorblyfsels van die suidmuur te soek (figuur 8.9-8.10). Dit is in 'n oostelike rigting uitgemeet met sye van 2 x 0,45 meter. Geen muuroorblyfsels is gevind nie, maar die kleilaag is wel opgespoor (figuur 8.11).

Teen die suidekant van die toetssloot is soliede sement gevind (figuur 8.9-8.10). Die los sand buitekant die toetssloot is weggevee ten einde die verskynsel van nader te ondersoek. Dit het geblyk die bokant van 'n septiese tenk te wees, wat in die veertigerjare opgerig is (Carelsen 1995:38). Dit is duidelik dat die oprig daarvan enige oorblyfsels van die bad- en strykkamer hier sou vernietig het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Toetssloot 12:

Toetssloot 12 is suid van toetssloot 11 en oos van die septiese tenk uitgemeet om te sien of enige muur- of "vloer"-oorblyfsels verder suid sigbaar is (figuur 8.9-8.10). Die toetssloot is in 'n suidelike rigting uitgemeet, met sye van 0,5 x 0,5 meter. Niks beduidends is hier gevind nie.

5.1.1.2 Samevatting: bad- en strykkamer

Volgens mnr Prinsloo is daar van ouklip en 'n gelerige klei gebruik gemaak as opvulling onder die vloer van die gebou. Daar kan dus aanvaar word dat die kleilaag wat in toetsslote 1, 2, 6, 7, 8, 10 en 11 gevind is, die oorblyfsels hiervan is. Die badkamergedeelte blyk nie sodanige opvulling te gehad het nie. Die kleilaag lê binne die aanduiding van die hoeke van die gebou deur mnr Prinsloo. Sy aanduiding kan dus as redelik betroubaar beskou word. Uit ou foto's kon dit ook afgelei word dat hierdie aanduiding redelik akkuraat was.

Toetssloot 8 en 9 se verste punte na oos, het in 'n sloot geëindig. Mnr Prinsloo het gemeld dat dit 'n ou ploegvoor is. As gevolg hiervan en die installering van die septiese tenk en waterpyp in die veertigerjare (na die bad- en strykkamer reeds afgebreek was), is drie van die hoeke en ander dele van die fondament waarskynlik vernietig. Te min ander oorblyfsels is gevind sodat geen definitiewe aanduiding van die mure van die gebou gegee kan word nie. Uit historiese bronne is dit bekend dat die gebou uit twee vertrekke bestaan het (Van Vollenhoven e.a. 1997:109). Die aanduidings van mnr Prinsloo, ou foto's en moontlik analogieë sal dus in 'n groot mate benut moet word om te bepaal waar die gebou opgerig was en van watter boumateriaal daar gebruik gemaak is. Kennis oor die meublement van die twee vertrekke (byvoorbeeld die bad) kan help om die grootte van die gebou vas te stel. Artefakte wat hier gevind is, het geen verband met die funksie van die gebou gehad nie (vergelyk punt 6).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

5.1.2 Watertenk en koeler

Die watertenk het op 'n sementkonstruksie, noord van die bad- en strykkamer gestaan. Die sementstruktuur het ook as koeler gedien. Die tenk was van sink gemaak (Carelsen 1995:225). Geen argeologiese aanduiding daarvan is gevind nie. Mnr Prinsloo het aangedui waar dit gestaan het, maar het toegevoeg dat, toe dit gedurende die veertigerjare afgebreek is, hy die sementvloer daarvan opgekap het. Twee toetsslote is hier uitgemeet om te kyk of daar nie dalk nog enige getuienis daarvan oor is nie (figuur 8.12-8.13).

5.1.2.1 Toetsslote

Toetssloot 1:

Toetssloot 1 is uitgemeet om regoor die aanduiding van mnr Prinsloo te sny (figuur 8.12-8.13). Dié reghoekige toetssloot met sye van 2,5 x 0,5 meter, is van suidoos na noordwes uitgemeet en het slegs twee artefakte opgelewer. Daar is besluit om nie 'n tweede laag te grawe nie, aangesien die vlak waarop tans gewerk is reeds laer as die oorspronklike grondoppervlakte was.

Toetssloot 2:

Na verdere gesprekvoering met mnr Prinsloo, het hy aangedui dat die watertenk moontlik effens meer noordoos van sy aanvanklike aanduiding was. Toetssloot 2 is om hierdie rede loodreg met toetssloot 1 in hierdie rigting (suidwes na noordoos) uitgemeet, sodat dit deur sy aanduiding sny (figuur 8.12-8.13). Die sye daarvan is 2 x 0,5 meter lank.

'n Paar klippe en enkele los stukke sement is gevind. Hoewel dit moontlik van die vloer van die watertenk afkomstig is, is dit moontlik dat dit 'n latere verskynsel is of dat dit tydens die opkap

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

van die vloer van die oorspronklike plek af gespat het. Derhalwe is die vind hiervan nie noodwendig 'n aanduiding dat die korrekte plek waar die watertenk en koeler gestaan het, opgespoor is nie.

5.1.2.2 Samevatting: watertenk en koeler

Argeologies is daar geen duidelike beduidenis van die struktuur gekry nie. Die laaste aanduiding van mnr Prinsloo blyk moontlik meer korrek te wees. Tesame met ou foto's sal hierdie plek gebruik moet word om die struktuur te lokaliseer en te rekonstrueer.

5.1.3 Rondawel

Die rondawel was reg noord van die huis. Dit het 'n klipfondament en ongeverfde sementvloer gehad. Die dak was van gras en het op populierbalke gerus (Carelsen 1995:223). Die deur daarvan was aan die huis se kant (suid). Die rondawel is as gaste- en stoorkamer gebruik (Van Vollenhoven e.a. 1997:109). Mnr Prinsloo moes ook hier 'n aanduiding gee van waar die gebou opgerig was, omdat geen sigbare teken daarvan voorgekom het nie. Hy het weer eens aangedui dat hy die vloer opgekap het toe die rondawel afgebreek is. 'n Aantal foto's uit die versameling van die Prinsloofamilie, het gehelp om 'n aanduiding te gee van waar die struktuur gestaan het (Van Vollenhoven e.a. 1997:109). Vyf toetsslote is hier uitgemeet ten einde oorblyfsels van die rondawel te vind (figuur 8.14-8.15).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

5.1.3.1 Toetsslote

Toetssloot 1:

Toetssloot 1 is reghoekig in 'n oos-wes rigting uitgemeet, met sye van 4 x 1 meter (figuur 8.14-8.15). Dit het deur die aanduiding van waar die rondawel geleë was gesny. 'n Paar glasstukke, potskerwe en boupuin is gevind. Die westelike deel van die toetssloot met 'n grootte van 1,5 (oos-wes) x 1 meter (noord-suid), is vir nog 'n arbitrêre laag van 5cm verdiep, maar geen aanduiding van 'n vloer is gevind nie. Dit strook met die inligting wat deur mnr Prinsloo verskaf is.

Toetssloot 2:

Hierdie toetssloot is loodreg met toetssloot 1 in 'n noordelike rigting uitgemeet, om te sien of daar nie op hierdie as iets van die vloer oorgebly het nie. Dit is dus reghoekig met afmetings van 1 x 1 meter (figuur 8.14-8.15). 'n Klein hoeveelheid kulturele materiaal is gevind, maar geen aanduiding van 'n vloer is gevind nie.

Toetssloot 3:

Omdat daar gereken is dat die rondawel moontlik nader aan die huis en meer wes gebou was, is toetssloot 3 loodreg met toetssloot 1, maar aan die westekant daarvan en in 'n suidelike rigting uitgemeet. Die sye daarvan was 3 x 1 meter (figuur 8.14-8.15). Slegs 'n geringe hoeveelheid kulturele materiaal is hier gevind.

Toetssloot 4:

Nadat die bevindinge van die ondersoek met mnr Prinsloo bespreek is, het hy aangedui dat die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

rondawel moontlik effens nader aan die huis en meer ooswaarts opgerig was. Toetssloot 4 is daarom tussen toetssloot 1 en die toetsslote van die watertenk en koeler, met ander woorde in 'n suidoostelike rigting uitgemeet, met sye van ongeveer 2,5 x 0,5 meter (figuur 8.14-8.15). Geen vloeraanduiding kon hier gevind word nie.

Toetssloot 5:

Toetssloot 5 is loodreg met toetssloot 1, teen die oostekant daarvan en in 'n suidelike rigting uitgemeet, met sye van 2 x 0,5 meter (figuur 8.14-8.15). Dit sou die oorblywende gedeelte van mnr Prinsloo se laaste aanduiding dek. Slegs twee glasstukke is hier gevind.

5.1.3.2 Samevatting: rondawel

Geen argeologiese getuienis van die rondawel kon gevind word nie. Die rondawel sal derhalwe gerekonstrueer moet word op grond van die aanduiding van mnr Prinsloo, historiese foto's en historiese analogieë.

5.1.4 Somershuisie

Die somershuisie was noordwes van die 1913-huis geleë. Dit is gebou van populierstokke, met 'n misvloer en grasdak (Carelsen 1995:222). In die somer is dit as 'n eetvertrek benut, terwyl melk- en vleisprodukte ook daarin geproseseer en geberg is (Van Vollenhoven e.a. 1997:109). Daar is weer eens van die aanduidings van mnr Prinsloo gebruik gemaak om te bepaal waar om die toetsslote uit te meet. Vyf toetsslote is hier uitgemeet (figuur 8.16-8.17).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

5.1.4.1 Toetsslote

Toetssloot 1:

Dit was 'n lang reghoekige toetssloot wat regoor mnr Prinsloo se aanduiding gesny het, dit wil sê van noordoos tot suidwes (figuur 8.16-8.17). Die sye daarvan was 4 x 0,5 meter. 'n Arbitrêre laag van 5cm grond is verwyder. 'n Gedeelte van die misvloer is aan die noordoostekant van die toetssloot gevind (figuur 8.18). 'n Groot klip is ook hier gevind. Die vloergedeeltes kan as die grootste vonds van die projek beskou word. Dit bewys dat mnr Prinsloo se aanduidings as redelik akkuraat beskou kan word.

Toetssloot 2:

Toetssloot 2 is reghoekig met toetssloot 1 uitgemeet, met ander woorde in 'n noordwestelike rigting met sye van 1 x 0,5 meter (figuur 8.16-8.17). Die doel daarvan was om moontlike oorblyfsels van die misvloer daar bloot te lê. Die poging was onsuksesvol.

Toetssloot 3:

Die toetssloot is loodreg teen toetssloot 1 uitgemeet, om te sien of die misvloer verder suidoos strek. Die afmetings daarvan was 1,5 x 1 meter en die toetssloot is in 'n suidoostelike rigting uitgemeet (figuur 8.16-8.17). Nog 'n stuk van die misvloer is blootgelê (figuur 8.18). 'n Saaglem is ook gevind.

Toetssloot 4:

Toetssloot 4 met sye van 1 x 1 meter is aan die teenoorgestelde kant (noordwes) van toetssloot 1

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

as toetssloot 3 uitgemeet om te sien of daar oorblyfsels van die misvloer was (figuur 8.16-8.17). Geen teken is hiervan gevind nie.

Toetssloot 5:

Hierdie toetssloot is parallel met toetssloot 1 en loodreg met toetssloot 3 uitgemeet en het sye van 1,5 x 1 meter (figuur 8.16-8.17). Dit strek suidweswaarts tot waar die grond duidelik versteur is, deurdat 'n boom daar verwyder is. Dit het 'n saaglem van dieselfde tipe as in toetssloot 3 opgelewer, maar niks van die misvloer nie.

5.1.4.2 Samevatting: somershuisie

Die feit dat 'n deel van die misvloer gevind is, bewys dat mnr Prinsloo se aanduidings as redelik korrek aanvaar moet word. Dit is nie moontlik om af te lei watter deel van die somershuisie dit is nie. Die klip wat hier gevind is, kan moontlik 'n hoek van die geboutjie aandui. Historiese foto's sal gebruik moet word om te bepaal hoe die struktuur gelyk het en presies waar dit gestaan het. Indien daar na historiese foto's gekyk word, lyk dit of dit waarskynlik van die klip af meer suid voorgekom het, maar daar is nie vasgestel hoe ver oos- of weswaarts dit strek nie.

## 5.1.5 Ander strukture

Ander strukture wat op of naby die werf van die 1913-huis voorgekom het, is ook ondersoek. Vanweë 'n verskeidenheid van redes is daar nie opgrawings gedoen nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

5.1.5.1 Bakoond

Die bakoond en es het oos van die bad- en strykkamer voorgekom (Carelsen 1995:225) (figuur 8.8). Dit is duidelik dat die grond hier versteur is, aangesien 'n sloot deur die plek loop waar mnr Prinsloo aangedui het die bakoond gestaan het. Mnr Prinsloo het dan ook bevestig dat dit 'n ou ploegvoor is - die huurders wat tussen 1966 en die vroeë tagtigerjare daar gewoon het, het daardie gedeelte van die werf (oos van die bad-en strykkamer) omgeploeg om daar tuin te maak. Gevolglik is besluit om nie op die aangewese plek opgrawings te doen nie, daar enige oorblyfsels hoogs waarskynlik reeds vernietig sou wees.

5.1.5.2 Hoenderneste

Die hoenderneste het oos van die bakoond, naby die werf voorgekom (figuur 8.8). Hierdie gedeelte is in resente tye versteur deurdat daar geploeg is. Vandag is daar 'n plaaspad. Omdat opgrawings hier niks sou oplewer nie, is daar besluit om nie die area argeologies te ondersoek nie.

5.1.5.3 Hoenderhok

'n Hoenderhok met 'n afdak het noordoos van die huis voorgekom (figuur 8.8). Die pad wat vandag deur die ligging van die vroeëre hoenderneste loop, gaan ook hierdeur. Boonop is die res van die gebied omgeploeg, soos reeds vermeld. Hier is derhalwe ook nie opgrawings gedoen nie.

## 5.2 Die huis

5.2.1 <u>Agterstoep</u> (figuur 8.19-8.20)

Die agterstoep kom aan die noordekant van die huis voor. Die fondament daarvan was van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

sandsteenklip, terwyl die stoep van rooi gekleurde sement was (Basson e.a. 1993:28). Historiese foto's het aangedui dat die stoep in die veertigerjare verander is, tydens aanbouings aan die huis (Van Vollenhoven e.a. 1997:107). Hierdie veranderinge is tydens opgrawing in ag geneem. Nege toetsslote is hier uitgemeet en opgegrawe na gelang die ondersoek gevorder het, ten einde meer oor die aard en omvang daarvan vas te stel.

5.2.1.1 Toetsslote

Toetssloot 1:

Op grond van historiese foto's en 'n deel van die fondament wat teen die muur van die huis sigbaar was, is toetssloot 1 reghoekig in 'n noord-suid rigting teen die westelike kant van die noordelike muur van die huis uitgemeet (figuur 8.21-8.22). Dit was 2 x 1 meter in omvang. 'n Arbitrêre laag van 5cm is verwyder, maar het niks opgelewer nie. Vervolgens is 'n tweede laag verwyder. Dit was duidelik dat dieper uitgrawing hier nie nodig was nie, aangesien die onderkant van die fondament teen die huismuur reeds sigbaar was.

Slegs 'n klein hoeveelheid kulturele materiaal (sien punt 6) is blootgelê, maar behalwe vir die fondament teen die huismuur, is geen verdere aanduiding daarvan gevind nie. Nadat toetssloot 6 voltooi is, is toetssloot 1 met nog 0,7 - 0,8 meter, tot teenaan toetssloot 6 (in 'n noordelike rigting) en op dieselfde diepte as toetssloot 1 verleng om te sien of daar 'n aansluiting tussen klippe uit die twee opgrawings gevind kon word.

Twee klippe is in die verlengde toetssloot 1 blootgelê. Een hiervan (in die noordelike wand van die opgrawing) was in lyn met klippe in en teen die suidelike wand van toetssloot 6 (figuur

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

8.34-8.35). Hierdie klippe lyk of dit deel van die fondament kan wees. Omdat dit kleinerige klippe is, is dit slegs 'n baie vae aanduiding van 'n fondament van die noordelike muur van die agterstoep.

Toetssloot 2:

Toetssloot 2 is aan die oostekant van die noordmuur van die huis, in 'n noord-suid rigting uitgemeet (figuur 8.23-8.26). Dit is 'n reghoekige opgrawing met sye van 3,25 x 1 meter, hoewel dit vir 0,5 meter by die wesmuur van die huis verbystrek en aan die oostekant deur 'n stel trappe onderbreek word. Die doel van die verbystrekkende gedeelte was om enige moontlike deel van die fondament aan die oostekant van die huis te ontbloot. Omdat daar 'n stoep van dik beton aan die westekant van die huis voorkom, kon dieselfde nie by toetssloot 1 gedoen word nie.

'n Arbitrêre laag van 5cm is verwyder en het groot fondamentklippe blootgelê (figuur 8.23-8.26). Heelwat kleiner klippe is ook blootgelê, sowel as kulturele materiaal. Boupuin, bestaande uit meestal stukke baksteen, verbrokkelde baksteen en rooi (baksteenkleurige) grond is ook gevind. Waterpype wat in die veertigerjare geïnstalleer is (Carelsen 1995:38), is gedeeltelik blootgelê. Geen fondamentoorblyfsels is in die verbystrekkende gedeelte, oos van die huis, gevind nie.

'n Tweede laag is nou oopgemaak, totdat die onderkant van die fondament gevind is (figuur 8.23-8.26). Fondamentklippe was nou duideliker sigbaar. Ongelukkig is minder en kleiner klippe na die noordekant gevind, sodat dit nie moontlik is om te bepaal tot hoe ver die agterstoep van die huis af gestrek het nie. Volgens mnr Prinsloo, wat as kind in die huis gewoon het, het sy vader hom opdrag gegee om alle fondamentklippe uit te haal, nadat die agterstoep afgebreek is. Dit verklaar die gebrek aan sodanige verskynsels. Fondamentklippe teenaan die huis is

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waarskynlik daar gelaat omdat dit óf te deeglik vasgemessel was (en dus die huis se fondament kon beskadig), óf nie gepla het toe die agtertuin opgeknap is nie.

Gevolglik kon slegs 'n vae aanduiding van die breedte van die muur uit die opgrawing verkry word. Heelwat boupuin is ook hier blootgelê. Die enigste ander kulturele materiaal wat gevind is, was een glasskerf.

Toetssloot 2 is met 1,05 - 1,2 meter verleng na die noorde, totdat dit net so ver noord as toetssloot 5 gestrek het, in 'n poging om 'n moontlike aansluiting in fondamentoorblyfsels te vind. Dit het niks opgelewer nie.

Toetssloot 3:

Hierdie reghoekige toetssloot is min of meer parallel met toetssloot 1 en 2 uitgemeet, met ander woorde in 'n noord-suid rigting (figuur 8.27-8.30). Die sye daarvan is 4 x 1 meter. Die doel daarvan was om te bepaal of daar enige oorblyfsels van 'n tussenmuur, wat die stoep in twee verdeel het, behoue gebly het. Laag 1 was 'n arbitrêre laag van 5cm diep (figuur 8.27-8.28). 'n Groot afsetting boupuin is naby die muur van die huis gevind. Enkele klippe, wat min of meer in lyn met klippe in toetssloot 5 en 6 (figuur 8.33-8.35) lê, is aan die noordekant van die toetssloot gevind. Heelwat kulturele materiaal is gevind.

'n Tweede laag is nog 5cm diep gegrawe (figuur 8.29-8.30). Meer klip, bakstene en boupuin is blootgelê. Dit het saam met die oorblyfsels in toetssloot 5 en 6, 'n vae aanduiding van die noordelike muur van die stoep gegee. Dit wil ook voorkom asof 'n ry klippe noord hiervan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oorblyfsels van 'n trap kan wees, wat na die stoep gelei het. Dit maak sin omdat daar vroeër 'n deur tussen die stoep en die huis, regoor hierdie plek was (persoonlike mededeling: A Carelsen). Hierdie deur is later toegebou.

Naby aan die muur van die huis is 'n waterpyp, wat in die veertigerjare aangebring is, gevind (Carelsen 1995:38). Min kulturele materiaal is hier opgegrawe.

Toetssloot 4:

Aangesien toetssloot 3 nie enige aanduiding van 'n muur gegee het nie, is toetssloot 4 teenaan die noordmuur van die huis, tussen toetssloot 1 en 3 uitgemeet. Dit is met ander woorde in 'n oos-wes rigting (figuur 8.31-8.32). Die afmetings daarvan is 3,2 x 0,5 meter. Laag 1, 'n arbitrêre laag van 5cm diep, het niks opgelewer nie.

'n Tweede arbitrêre laag van 5cm diep is nou gegrawe. Dit het boupuin, heel en halwe bakstene, 'n waterpyp en kulturele materiaal blootgelê. Daar is steeds geen aanduiding van 'n muur gevind nie.

Toetssloot 5:

Toetssloot 5 is min of meer parallel met die huis, reghoekig in 'n oos-wes rigting uitgemeet, met sye van 3 x 1 meter. Dit lê tussen die verlenging van toetssloot 2 en toetssloot 3 (figuur 8.33). Die doel daarvan was om te bepaal waar die mees noordelike muur van die stoep geloop het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die eerste laag was 'n arbitrêre laag van 5cm diep, maar het niks opgelewer nie. Laag 2 het heelwat klip opgelewer. Sommige hiervan was in lyn met klip uit toetssloot 3 en 6 (figuur 8.33), maar omdat dit nie baie groot klippe is nie, gee dit net 'n vae aanduiding van waar die noordelike muur gebou was. Min kulturele materiaal en boupuin is gevind.

Toetssloot 6:

Direk in 'n oos-wes lyn met toetssloot 5, is toetssloot 6 uitgemeet (figuur 8.34-8.35). Die sye daarvan was 3,5 x 1 meter. Toetssloot 3 skei toetssloot 5 en 6 van mekaar. Die doel daarvan was ook om te bepaal waar die noordelike muur van die stoep gebou was.

Die eerste laag, 'n arbitrêre laag van 5cm diep, het niks opgelewer nie. Laag twee het klippe blootgelê wat in dieselfde lyn as klippe in toetssloot 3 en 5 is. Omdat dit kleinerige klippe is, gee dit slegs 'n vae aanduiding van waar die muur moontlik was. Min boupuin en kulturele materiaal is gevind.

Toetssloot 7:

Toetssloot 7 is teenaan die noordmuur van die huis, tussen die trap en toetssloot 3 uitgemeet, dit wil sê in 'n oos-wes rigting. Die sye daarvan was 2 x 0,5 meter. Die doel daarvan was om aanduidings van 'n deel van 'n noord-suid strekkende muur te vind (figuur 8.36-8.37). Die eerste laag was 'n arbitrêre laag van 5cm diep, maar het niks opgelewer nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Laag 2 het geen aanduiding van 'n moontlike muur opgelewer nie. Dieselfde waterpyp van toetssloot 3 en 4 loop ook deur toetssloot 7. Enkele klippe, stukke baksteen, boupuin en min ander kulturele materiaal is gevind.

Toetssloot 8:

In 'n verdere poging om oorblyfsels van 'n muur te vind, is toetssloot 8 vanuit toetssloot 4, in 'n noordelike rigting uitgemeet (figuur 8.38). Die sye was 0,8 x 0,5 meter. Laag 1 was 'n steriele arbitrêre laag van 5cm diep.

In laag 2 is 'n wasser en drie klippe wat geen verband met enigiets anders hou nie, gevind. Daar kon dus geen aanduiding van 'n muur gevind word nie.

Toetsloot 9:

Toetssloot 9 is parallel met en teenaan toetssloot 3, in 'n noord-suid lyn, tussen toetsslote 5 en 7 uitgemeet (figuur 8.39). Dit het afmetings van 2,5 x 1 meter gehad. Aangesien foto's daarop dui dat hier 'n muur voorgekom het, is oorblyfsels daarvan gesoek. Laag 1 was weer eens 'n steriele laag van 5cm diep.

Laag 2 het 'n afsetting boupuin met klippe daarin, aan die suidekant van die toetssloot opgelewer. Dit kan nie as 'n definitiewe aanduiding van 'n muur gesien word nie. Die res van die laag het klip, boupuin en kulturele materiaal opgelewer. Geen verdere aanduiding van 'n moontlike muur is gevind nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.2.1.2 Samevatting: agterstoep

Slegs vae aanduidings van die buitelyne van die agterstoep is gevind. Die gebrek aan duidelike fondamentklippe, kan daaraan toegeskryf word dat een van die Prinslooseuns, Jan, deur sy pa beveel is om dit te verwyder, nadat die stoep afgebreek is (persoonlike mededeling: BJJ Prinsloo). Hierdie inligting moet saam met historiese foto's van die struktuur geïnterpreteer word om die agterstoep te rekonstrueer. Dit is histories bekend dat die stoep deur 'n muur in twee gedeel is. Hiervan is geen argeologiese getuienis gevind nie. Daar sal dus op die historiese foto's, die getuienis van mnr Prinsloo en aanduidings teen die noordmuur van die huis gesteun moet word om te bepaal waar dit was. Laasgenoemde inligtingsbron is in hierdie geval minder betroubaar, daar die noordmuur van die huis reeds meer as een keer verander is. Die trap tussen toetssloot 2 en 7, blyk uit posisie te wees.

Die kulturele materiaal kan nie alles tot die bewoningsfase van die huis gedateer word nie. Daar is artefakte wat duidelik meer onlangs daar gelaat is. Die kulturele materiaal word onder punt 6 van hierdie hoofstuk bespreek.

5.2.2 <u>Seunskamer</u>

Die seunskamer is die westelike vertrek aan die noordekant van die huis en het 'n klipfondament gehad (Basson e.a. 1993:43) (figuur 8.7). Die vertrek was aanvanklik in twee gedeel en het as seunskamer en hoofslaapkamer gedien. Teenswoordig is dit 'n hoofslaapkamer met 'n badkamer aan die oostekant. Hier is drie toetsslote uitgemeet ten einde die diepte van die fondament te bepaal en om te sien hoe die vroeëre verdelingsmuur daar uitgesien het (figuur 8.40-8.42). Hierdie muur dateer uit die eerste fase van die huis se bewoning (1913-1927). Omdat daar besluit is dat die huis tot die tydperk 1924-1927 gerestoureer sal word, die fase waaroor die meeste

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

historiese inligting beskikbaar is en omdat geen ander huis op die terrein tot hierdie tydperk gerestoureer is nie (Basson e.a. 1993:9), was die opgrawing hiervan belangrik.

5.2.2.1 Toetsslote

Toetssloot 1:

Dit was duidelik om te sien waar die oorspronklike muur gebou was, omdat die fondament daarvan steeds *in situ* was. Toetssloot 1 is oos hiervan uitgemeet om te sien hoe diep die fondament is (figuur 8.40). Dit was 'n toetssloot met sye van 1 x 1 meter.

Die fondament wat ontbloot is, is stewig van klip gebou en is ongeveer 0,52 meter diep (figuur 8.41). Die klip is taamlik ru en ingevul met grond. Dit stem ooreen met die diepte, soos afgelei teen die buitemuur (noord) van die huis.

Toetssloot 2:

Toetssloot 2 is in die muurfondasie gemaak ten einde die muur en tipe opvulling van nader te ondersoek. Die toetssloot is regoor die breedte van die vertrek, met ander woorde noord-suid uitgemeet, en was sowat 0,20 meter breed (figuur 8.40). Die lengte daarvan was 4,73 meter, dieselfde afstand as die breedte van die vertrek.

'n Aantal groterige klippe is hierin gevind. Dit wil voorkom asof die deur tussen die twee vertrekke deur die tweede en derde klip vanaf die noordelike muur voorgestel word, aangesien dit aansluit by drumpelklippe oos daarvan. Die deur in die muur was dus aan die noordekant daarvan.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Toetssloot 3:

Hierdie toetssloot is reg wes in die muurfondament gemaak, vir die volle breedte van die vertrek, met ander woorde van noord na suid. Dit was 0,20 meter breed en 4,73 meter lank (figuur 8.40). Die doel daarvan was dieselfde as die van toetssloot 2, naamlik om die muur en metode van opvulling te ondersoek.

Hier is meer oor die opvulling aan die lig gebring as by toetssloot 2. Meer klip is hier gevind, maar ook 'n groot gedeelte wat uit puinmateriaal (klip-, sement- en baksteenstukke) bestaan.

5.2.2.2 Samevatting: seunskamer

Die drumpel van die deur in die muur wat die seunskamer vroeër in twee vertrekke verdeel het, is aan die noordekant gevind. Die fondament was sowat 0,52 meter diep en is opgevul met stukke klip, baksteen en sement. Die vloer was oorspronklik van houtplanke (Basson e.a. 1993:43).

## 5.3 Voortuin

Opgrawings is in die voortuin aan die suidekant van die huis gedoen om enige oorblyfsels uit die tydperk waartoe die huis gerestoureer sal word (1924-1927), op te spoor. Hier is vier toetsslote uitgemeet (figuur 8.43).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.3.1 Toetsslote

Toetssloot 1:

Die toetssloot is in 'n noord-suid rigting uitgemeet, vir die breedte van die stoephekkie, omdat historiese inligting daarop dui dat dit die breedte van die paadjie was. Die afmetings daarvan was 4 x 1 meter (figuur 8.43). Min kulturele materiaal is hier gevind. Oorblyfsels van 'n gepakte klippaadjie is wel gevind.

Toetssloot 2:

In toetssloot 1 het dit duidelik geword dat die klippaadjie weswaarts swenk. Toetssloot 2 is uitgemeet om die verwagte baan wat die paadjie sou loop in te sluit (figuur 8.43). Dit was 'n skuins toetssloot wat strek van noordoos na suidwes, met afmetings van 1 x 0,75 meter.

'n Verdere gedeelte van die paadjie is gevind, tot waar dit in die huidige pad verdwyn. 'n Verdere soektog hier was onnodig aangesien die grond versteur is.

Toetssloot 3:

Na analogie van dit wat in toetssloot 2 gevind is, is toetssloot 3 van noordwes na die suidoostekant uitgemeet (figuur 8.43). Die sye daarvan was 1,5 x 0,5 meter Daar is gemeen dat die paadjie dalk rondom 'n voormalige bedding, wat uit historiese inligting bekend is, kon geloop het. Niks is hier gevind nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Toetssloot 4:

Al die oorblyfsels van die paadjie is nie deur toetssloot 2 blootgelê nie. Daarom is toetssloot 4 teenaan die noordwestekant van toetssloot 2 uitgemeet, om die res van die paadjie bloot te lê (figuur 8.43). Die sye daarvan was 1 x 0,5 meter. Dit was suksesvol.

### 5.3.2 Samevatting: Voortuin

'n Gedeelte van die paadjie is blootgelê, maar dit dateer uit die veertigerjare - die tydperk toe die dogter Bettie Prinsloo, as getroude vrou die huis bewoon het (persoonlike mededeling: BJJ Prinsloo). Om hierdie rede, en omdat daar reeds besluit is dat die huis na die twintigerjare gerestoureer gaan word, is planne hiervan nie geteken nie, maar dit is wel fotografies gedokumenteer. Geen ander argeologiese getuienis van die aard van die voortuin is gevind nie. Die voortuin sal derhalwe volgens historiese getuienis gerestoureer moet word.

## 5.4 Ashoop

Die ashoop is 120 meter noordoos van die huis geleë (figuur 8.8). Hier is 4 toetsslote gegrawe, waarvan toetssloot 2 en 3 eintlik verlengings van toetssloot 1 is, sodat ondersoek regoor die lengte van die ashoop gedoen is (figuur 8.44-8.45). Die posisie van die ashoop is deur mnr Prinsloo uitgewys. Die doel van die opgrawing daarvan was om inligting oor die huisinhoud en gebruiksartikels van die Prinsloos te verkry.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.4.1 Toetsslote

Toetssloot 1:

Die toetssloot strek van die suidekant van die ashoop vir 4 meter noordwaarts (figuur 8.44-8.45). Dit is 1 meter breed. Arbitrêre lae van sowat 5cm diep is hier gegrawe.

Laag 1 was 'n bruin grondlaag met verskeie artefakte daarin. Dit sluit glas, porselein, metaal, been en boumateriaal in. 'n Askonsentrasie kom teen die noordoostelike wand van die toetssloot voor (figuur 8.46).

Laag 2 was 'n asserige laag, grys van kleur en gevul met gebrande been, houtskool en steenkool. 'n Spesifieke askonsentrasie het op min of meer dieselfde plek as die askonsentrasie in laag 1 voorgekom, hoewel dit groter van omvang was (figuur 8.47). Meer artefakte as in laag 1 is gevind. Dit sluit glas, keramiek, metaal, been en skulp in.

Laag 3 was 'n gryserige sandlaag. Dit het heelwat minder artefakte as die vorige twee lae opgelewer. Dit sluit glas, porselein, keramiek, metaal, skulp, sintetiese stowwe en klip in (figuur 8.48).

Laag 4 het dieselfde voorkoms as laag 3 gehad. Dit het minder artefakte as laag 3 opgelewer. Hieronder tel glas, keramiek, metaal, been en gebrande organiese materiaal (figuur 8.49).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Laag 5 was ook 'n gryserige sandlaag en die onderste gedeelte hiervan was steriel. Dit het nog minder artefakte as laag 4 opgelewer. Dit sluit glas, keramiek, metaal en klip in (figuur 8.50).

Omdat die onderste deel van laag 5 steriel was en die sand duidelik nie asserig was nie, is aanvaar dat die oorspronklike oppervlakte gevind is. Die toetssloot is daarom nie verdiep nie.

Toetssloot 2:

Toetssloot 2 is 'n verlenging van toetssloot 1 (figuur 8.44-8.45). Dit strek noordwaarts vir 4 meter en is 1 meter breed. Arbitrêre lae van 5cm diep is hier gegrawe. Die rede waarom daar verder noord gegrawe is, is na aanleiding van die wyse waarop die vullis hier gegooi is. 'n Gat is nooit gegrawe nie - dit verklaar waarom artefakte op 'n redelik vlak diepte nie meer voorkom nie. Die vullis is op 'n hoop gegooi, en as die hoop te hoog was, is vullis daarlangs weggegooi (persoonlike mededeling: BJJ Prinsloo). Gevolglik sou 'n verlengde opgrawing meer kulturele materiaal blootlê.

Laag 1 was 'n steriele bruin grondlaag en is daarom nie geteken nie. Omdat dit duidelik was dat die grond hier effens hoër as by laag 1 was, is besluit om verdere lae te grawe.

Laag 2 was 'n bruin grondlaag met 'n groot konsentrasie artefakte aan die suidekant van die toetssloot (figuur 8.51). Dit sluit glas, keramiek, metaal, houtskool, been en sintetiese materiaal in.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Laag 3 was 'n effens ligter bruin laag as laag 2. Minder artefakte as in laag 2 is blootgelê, maar dit was oor die hele toetssloot versprei. Hieronder tel glas, keramiek, skulp, been, metaal en sintetiese materiaal (figuur 8.52).

Laag 4 was 'n laag van bruin grond met 'n askonsentrasie ongeveer in die middel van die toetssloot (figuur 8.53). Minder artefakte as in laag 3 is hier blootgelê en sluit glas, keramiek, tand en metaal in.

Laag 5 was 'n bruin grondlaag. Hoewel meer artefakte hier as in laag 4 gevind is, is dit alles in die boonste gedeelte van die laag gevind. Artefakte wat gevind is, sluit glas, keramiek, been, klip, sintetiese materiaal en metaal in (figuur 8.54). Die onderste deel van die laag was steriel. Aangesien dit duidelik was dat die oorspronklike oppervlakte bereik is, is die toetssloot nie dieper gegrawe nie.

Toetssloot 3:

Toetssloot 3 is 'n verdere verlenging van toetssloot 1 en 2, steeds in 'n noordelike rigting. Dit is 4 x 1 meter groot. Ook hier is daar van arbitrêre lae van 5cm diep gebruik gemaak. Laag 1 en 2 was steriele bruin grondlae. Dit kan toegeskryf word aan die effense hoogte wat hier meer duidelik as in toetssloot 2 sigbaar is. Grond moes op een of ander wyse hier, bo-op die ashoop, neergelaat gewees het.

Laag 3 was 'n bruin grondlaag met 'n verskeidenheid artefakte daarin. Dit sluit glas, keramiek, metaal, linne en sintetiese materiaal in (figuur 8.55).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Laag 4 was 'n donker laag, swart-asserig, met 'n verskeidenheid stukke houtskool daarin. 'n Groot hoeveelheid artefakte, onder andere glas, keramiek, klip, 'n potskerf, perlemoen, been, sintetiese materiaal en metaal is hier blootgelê (figuur 8.56).

Laag 5 was weer eens 'n bruin grondlaag. Heelwat minder artefakte is gevind, alles in die boonste deel van die laag. Hieronder tel glas, keramiek, tand, been en metaal (figuur 8.57). Dit was duidelik dat die oorspronklike oppervlakte bereik is, omdat die onderste gedeelte van die laag steriel was. Gevolglik is daar besluit om nie dieper te grawe nie.

Toetssloot 4:

Omdat die eerste 3 toetsslote feitlik regoor die lengte van die ashoop, soos deur mnr Prinsloo aangedui, gestrek het, en omdat dit duidelik was dat die artefakte wat gevind is min of meer van dieselfde ouderdom is, is besluit om nie die toetsslote verder te verleng nie. Toetssloot 4 is aan die suidekant van die ashoop, loodreg met toetssloot 1, in 'n oostelike rigting uitgemeet (figuur 8.44-8.45). Die afmetings daarvan was 2 x 1 meter. Arbitrêre lae van 5cm diep is hier gegrawe. Die doel daarvan was om ‘n idee te kry van die tipes artefakte in ‘n oos-wes snit van die ashoop.

Laag 1 was van dieselfde bruin grond as wat in die ander toetsslote gevind is. Artefakte wat hier gevind is, sluit glas, keramiek en metaal in (figuur 8.58).

Laag 2 was ook 'n bruin grondlaag. 'n Askonsentrasie is aan die suidoostekant in die toetssloot gevind. 'n Groot hoeveelheid bakstene is in die noordoostelike deel van die toetssloot gevind

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(figuur 8.59). Veel meer artefakte as in laag 1 is hier gevind. Dit sluit glas, metaal, keramiek, been, tand en sintetiese materiaal in.

Laag 3 was 'n bruin grondlaag met baie min artefakte daarin. Die artefakte is slegs in die boonste gedeelte van die laag gevind. Hieronder tel glas, keramiek, been, sintetiese materiaal, perlemoen en metaal (figuur 8.60).

Aangesien die onderste gedeelte van die laag steriel was en die laag op dieselfde vlak as laag 5 van toetssloot 1 was (onthou die helling loop suidwaarts af), is besluit om nie die toetssloot te verdiep nie.

5.4.2 Samevatting: ashoop

Daar kon nie uit die opgrawing van die ashoop afgelei word of 'n gedeelte daarvan ouer of jonger as die res is nie. Dit beteken nie dat mnr Prinsloo se aanduiding van hoe hulle die vullis weggegooi het, foutief is nie. Omdat die huis vir 'n relatief kort tydperk bewoon is (1913-1927), is dit logies dat byvoorbeeld sekere porseleinware deurlopend tydens die verblyf gebreek het en daarom dwarsdeur die ashoop, van noord na suid, van oos na wes en van bo tot onder, gevind is. Dit kan derhalwe vir kruisdatering met soortgelyke terreine benut word (Vos 1988:7-9; Fagan 1979:32; Renfrew & Bahn 1991:115). Die as van die 1928-huis is ook later hier gegooi en omdat dieselfde huisgesin laasgenoemde huis bewoon het, kan dieselfde tipes artefakte verwag word.

Nietemin is al die lae waarin artefakte gevind is geteken en word dit by die figure ingesluit. Dit dien as volledige rekord van die konteks van die kulturele materiaal en kan deur toekomstige

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

navorsers benut word ten einde die huidige inligting oor die terrein aan te vul. Sommige skerwe van die porselein wat gevind is, is herken omdat dit soortgelyk is aan sekere stukke porseleinware in die huidige huismuseum (1880-huis). Mondelinge getuienis van die Prinslookinders en breekware in hulle besit, stem ook met sommige stukke wat gevind is, ooreen. Dit beteken dat sodanige artefakte positief aan die Prinsloofamilie verbind kan word.

Verdere toetsslote by die ashoop is onnodig geag, daar dit duidelik was dat meer artefakte nie meer inligting oor die terrein sou verskaf as dit wat reeds bekend is nie. Voorts dien die opgegraafde artefakte as 'n verteenwoordigende voorbeeld van gebruiksartikels wat in die 1913-huis gebruik is.

## 6. KULTURELE MATERIAAL

### 6.1 Keramiek

#### 6.1.1 Porselein

Porseleinskerwe is slegs in die opgrawing van die ashoop gevind. In totaal is 406 stukke porselein gevind. Die porselein is gedateer en is ongeveer eweredig versprei oor drie verskillende tydperke, naamlik die Victoriaanse tydperk (laat 19de - vroeg 20ste eeu), Edwardiaanse tydperk (1920-1930) en Art Deco tydperk (1930-1950). Dit bestaan uit borde, bakke, koppies en pierings. Die porselein is alledaagse items, deur middel van massavervaardiging geproduseer en is hoofsaaklik wit van kleur.

Verskeie van die porseleinskerwe is deur die Prinsloo-nasate geëien as soortgelyk aan dit wat hulle in die 1913- en 1928-huis gebruik het. Van die gebreekte stukke porselein is ook soortgelyk

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aan porselein wat deur die Prinsloo-nasate aan die Museum geskenk is, omdat dit deur hulle gebruik is in die drie Prinsloohuise op die museumterrein (figuur 8.61-8.62). Opnames is ook gemaak van die oorblywende breekware nog in besit van die Prinsloo-nasate, wat verdere identifisering moontlik gemaak het.

Sommige van die porselein se makersmerke was nog sigbaar. Twee stukke kom uit Tsjeggo-Slowakye, een uit Finland en drie uit Engeland. Twee van laasgenoemde is (teen ca. 1907) deur Alfred Meakin Ltd gemaak en een (teen ca. 1890) deur JG Meakin Hanley (Godden 1958:7). Dit toon 'n verskeidenheid van patrone wat daarop afgedruk en geglasuur is. Hoewel die meerderheid stukke uit Brittanje afkomstig is, is 'n "vyf rose" teestel 'n besondere item uit Tsjeggo-Slowakye (Cushion 1980:58). Dit reflekteer die beste periode uit die 1913-huishouding, naamlik 1920-1930, toe Lang Hans Prinsloo 'n leidende gemeenskapsfiguur was (persoonlike mededeling: A Carelsen). Ander porselein wat gevind is, sluit 'n voet van 'n porseleinpop en 'n porseleinprop in.

Dit is duidelik dat die porselein wat gevind is, wel positief met die Prinsloos verbind kan word, hoewel dit nie noodwendig net met die 1913-huis verband hou nie. Porselein wat as pre-1927 gedateer word, is waarskynlik aangekoop tydens die bewoning van die 1913-huis, maar kon ook in die die latere huis gebruik wees. Porselein wat as post-1927 gedateer word, kan nie met die 1913-huis verbind word nie, aangesien die huis net tot 1927 bewoon is. Omdat die 1928-huis se vullis ook op hierdie ashoop weggegooi is (persoonlike mededeling: BJJ Prinsloo), verklaar dit die teenwoordigheid van latere porselein op die ashoop.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 6.1.2 Aardewerk

Vyf stukke van aardewerkteëls is gevind. Twee stukke is by die voorstoep en twee by die ashoop gevind. 'n Klein volledige aardewerkteël is by die agterstoep gevind. Geen datering was moontlik nie.

### 6.1.3 Steenware

Steenware is slegs by die ashoop gevind (figuur 8.61-8.63). Twee-en-twintig stukke is gevind, waarvan een as deel van 'n gemmerpot geïdentifiseer is en een as deel van 'n harde steenware vleisbord. Die kleure van die stukke wissel van room, liggrys en bruin tot rooibruin. Die stukke is onversier. Vier stukke ongeglasuurde steenware wat gevind is, is 1920-1930 gedateer (persoonlike mededeling: C Meyer). Dit is dus nie moontlik om te onderskei of dit met die 1913- of 1928-huis verbind kan word nie, omdat die moontlikheid groot is dat dit in beide huise gebruik is.

### 6.1.4 Kaolien

By die ashoop is twee stukkies kaolien gevind. Dit is deel van 'n pyp (vir rook) en omdat dit die materiaal is waarvan pype tot vroeg in hierdie eeu gemaak is, kan dit waarskynlik met die tydperk van die 1913-huis verbind word. Die pype is handgemaak met 'n ystergietvorm en staaldraad. Aanvanklik was die pype klein omdat tabak duur was toe dit vir die eerste keer Europa, teen die einde van die vyftiende eeu, bereik het en omdat dit 'n nabootsing van die seremoniële pype van Amerikaanse Indiane was (Lastovica & Lastovica 1982:73). Sedert die sewentiende eeu was pyprook baie gewild en is die pypkoppe mettertyd vergroot namate tabak goedkoper en meer verkrygbaar geword het. Negentiende eeuse pype is derhalwe met hedendaagse pype vergelykbaar.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Jan Prinsloo en van sy vriende het gerook (persoonlike mededeling: BJJ Prinsloo), maar teen 1913 was kaolienpype nie meer in gebruik nie. Britse kaolienpype het teen 1900 in populariteit begin afneem en is teen 1910 deur houtpype vervang (persoonlike mededeling: H Vos). Dit is bekend dat kaolienpype gedurende die twintigerjare saam met kiste jenewer afgelewer is as 'n aanmoediging om die produk te koop (Lastovica & Lastovica 1982:37). Gevolglik is dit moontlik dat dit op hierdie wyse op die terrein te lande gekom het. Jenewer is in keramiekhouers gebottel. Geen sodanige skerwe is tydens die opgrawings geïdentifiseer nie.

## 6.2 Glas

'n Totaal van 1304 stukke glas is gevind. Die grootste hoeveelheid hiervan is by die ashoop gevind, maar glas is ook by die agterstoep, badkamer, rondawel, voorstoep en somershuisie gevind. Naas die groot hoeveelheid gefragmenteerde stukke glas (wat gevolglik nie gedateer kon word nie), is gedeeltes van bottels, glaspypies, albasters, glaskrale, 'n volledige klein glasbotteltjie, 'n Arden glasbotteltjie, 'n klein gloeilampie en 'n miniatuur bierbeker gevind. Kommersiële houers is verreweg die grootste deel van die opgegraafde glasartefakte. Dit kan verdeel word in huishoudelike voorwerpe, mineraalwaterbottels, gemmerbierbottels, medisynebottels en -houers en wyn- en bierbottels.

Glasvoorwerpe wat nie met sekerheid geïdentifiseer kon word nie, is plat stukke glas wat waarskynlik vir vensterglas of houers met plat sye gebruik is. Twee blou glasskerwe is deur vuur gebrand en kon gevolglik nie geïdentifiseer word nie. Die blou kleur is deur kobalt geproduseer en is spesifiek in die laat negentiende eeu vir tafelglas, soos soutbakke en kraffies, en vir medisyne en kosmetiese houers gebruik (Jones 1985:14). Dit wil dus voorkom asof die voorwerpe reeds voor die bou van die 1913-huis aangekoop is, maar wel in die 1913- (en moontlik ook in die 1928-huis) gebruik is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die voorwerpe kan hoofsaaklik van die laat negentiende eeu tot die eerste helfte van die twintigste eeu gedateer word. Dit bestaan hoofsaaklik uit houers wat vir voedselprosesering gebruik is (inmaak ensovoorts). Koeldrank-, wyn- en bierbottels is ook gevind. Dit is bekend dat die Prinsloofamilie baie vrugte, groente en ander produkte ingelê het (persoonlike mededeling: A Carelsen). Sommige van die voorwerpe is duidelik resent. Hoewel verskeie van die glasstukke wel met die 1913-huis verbind kan word, moet daar aanvaar word dat heelwat van die glas wat op die ashoop gevind is met die 1928-huis of latere bewoning van die 1913-huis verband hou.

### 6.3 Potskerwe

Drie ongeglasuurde potskerwe is gevind - twee by die rondawel en een by die ashoop. Dit was onversier; gevolglik kon geen afleidings hiervan gemaak word nie.

### 6.4 Metaal

Seshonderd-een-en-negentig metaalartefakte is gevind. Die meeste hiervan was ongeïdentifiseerde stukke. Baie spykers en wassers is gevind, maar dié blyk resent te wees en hou waarskynlik verband met die opsit van 'n nuwe dak (deur die Museum) oor die 1913-huis en veranderinge wat deur huurders aangebring is.

Ander metaalvoorwerpe wat gevind is, behels die volgende: boute, botteldeksels, stukke pyp, draad, 'n draadvurk, handvatsels, 'n slot, ringe, spykers, knope, 'n onderdeel van 'n wekker, gedeeltes van mansjetknope, 'n deel van 'n paraffienlamp, 'n klep van 'n stoomenjin, 'n gedeelte van 'n tandepastabuis, 'n 1c-stuk (1972), 'n tang, koperpypies, dele van 'n saaglem, 'n fietstrap, 'n speelgoedstrydwa, patroondoppies (windbuks; .22; .303), moere, 'n fietsligdinamo, 'n paaltjie en 'n oopskroef Ohlssons bierprop.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die voorwerpe is hoofsaaklik van die ashoop afkomstig, maar ook van die agterstoep, badkamer, rondawel, somershuisie en voorstoep. Verskeie van die voorwerpe is deur mnr Prinsloo geëien. Daarom kan die meeste van die voorwerpe met die 1913- en 1928-huis verbind word.

## 6.5 Organiese materiaal

### 6.5.1 Been

Drie-en-sewentig stukke been, waarvan sommige gebrand, is gevind. Die meerderheid hiervan is by die ashoop gevind, maar been is ook by die voorstoep en badkamer gevind. Dit is waarskynlik oorblyfsels van dit wat die mense geëet het, maar kan nie pertinent met die 1913-huis verbind word nie. Om hierdie rede is die beenmateriaal nie verder ontleed nie.

### 6.5.2 Skulp

Skulp is slegs by die ashoop gevind. Sewe stukke is gevind, waarvan een 'n perlemoenknoop was. Hierdie materiaal kon nie gedateer word nie.

### 6.5.3 Tand

Vier stukke tand is by die ashoop gevind. Net soos die beenmateriaal is dit nie verder geïdentifiseer nie, maar was waarskynlik die tande van troetel- of slagdiere gewees.

### 6.5.4 Pit

'n Gebrande perskepit is by die ashoop gevind. Die Prinsloo-familie het vrugteboorde gehad, maar dit is nie moontlik om te bepaal wat die oorsprong van die spesifieke pit is nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 6.5.5 Houtskool

Dertien stukke houtskool is by die ashoop gevind. Die gebrande materiaal is te resent van oorsprong om vir dateringsdoeleindes aangewend te word.

## 6.6 Plastiek

Veertien verskillende plastiekartefakte is gevind. By die ashoop is 'n stukkie elektriese draad, omhul in plastiek gevind, asook 'n doiliekraal, kamtande en knope. Krale, knope en 'n stuk van 'n haarborsel is by die agterstoep gevind, terwyl 'n plastiese kraal by die rondawel gevind is.

Hierdie artefakte is waarskynlik meer resent, veral as daar in gedagte gehou word dat die 1913-huis tot 1927 bewoon is en daarna vanaf die veertigerjare tot die tagtigerjare, met tussenposes, weer deur verskeie huisgesinne bewoon is.

## 6.7 Tekstiel

'n Kousbandgespe van 'n rekbare materiaal en metaal is by die ashoop gevind. Dit is van resente oorsprong.

## 6.8 Selluloïed

By die ashoop is twee selluloïed balletjies gevind. Dit is resent van oorsprong en kan nie met die aanvanklike bewoning van die 1913-huis geassosieer word nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 6.9 Rubber

Drie stukke rubber is gevind - twee by die ashoop en een by die badkamer. Dit is waarskynlik meer resent van oorsprong as 1913.

### 6.10 Griffel

Agt stukke van griffels is verspreid oor die ashoop gevind. Omdat meer as een punt gevind is, verteenwoordig dit meer as een griffel. Die moontlikheid om dit positief met die 1913-huis te verbind is goed, daar dit 'n algemene gebruiksartikel vir skoolkinders in daardie jare was.

### 6.11 Boumateriaal

In totaal is 217 stukke boumateriaal uit die opgrawings verwyder. Dit sluit heel en stukke baksteen, klip en kleiner brokstukke in. Hierdie voorwerpe is by die ashoop, rondawel, agterstoep, badkamer en seunskamer gevind. Hierdie voorwerpe kan meestal met die afgebreekte gedeelte van 1913-huis verbind word.

## 7. SAMEVATTING

'n Groot hoeveelheid kulturele materiaal is by die 1913-huis gevind. Die oorgrote meerderheid hiervan is, soos verwag, by die ashoop gevind. Sommige van die porseleinskerwe wat gevind is, kan onomwonde met die 1913-huis verbind word. Verskeie ander voorwerpe kan ook met die huis verbind word en kan derhalwe help met die rekonstruksie van gebruiksgoedere in die huis. Omdat vullis van die 1928-huis, sedert 1928 ook op hierdie ashoop gegooi is, is dit feitlik onmoontlik om te onderskei tussen artefakte afkomstig van die 1913- en 1928-huis, hoewel dit positief met die Prinsloofamilie verbind kan word. 'n Groot hoeveelheid voorwerpe wat nie met

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Prinsloos verbind kan word nie, daar dit van 'n meer resente oorsprong is, is ook gevind. Resente artefakte is afkomstig van bewoning van die 1913-huis deur huurders tussen 1966 en 1980.


Min addisionele inligting is deur middel van die opgrawings aan die lig gebring. Dit het egter bewys dat afleidings wat van die historiese bronne gemaak is (byvoorbeeld ou foto's en mondelinge getuienis), korrek is. Die argeologiese opgrawings het dus as interne kritiek gedien om die geloofwaardigheid van hierdie bronne vas te stel. Hierdie bronne is dan ook deeglik benut ten einde die 1913-huis te restoureer en sal met vrug benut kan word wanneer die buitegeboue heropgerig word. Die bevestiging van die historiese inligting deur die argeologiese, versterk die kennis omtrent die 1913-huis. Om hierdie rede is dit duidelik dat daar aan navorsingsbehoeftes voldoen is (vergelyk punt 5.1 in hoofstuk 10).

Die 1913-huis is na die afhandeling van die argeologiese navorsing gerestoureer. Die foto's wat tydens die projek geneem is en die planne wat geteken is, was 'n belangrike bron van inligting vir die argitek en restourateur, al het dit nie altyd vir die argeoloog sin gemaak nie. Gevolglik word 'n volledige stel foto's en planne ook hierby ingesluit. Die inligting wat deur die argeologiese navorsing aan die lig gekom het, het gevolglik ook daartoe bygedra dat daar aan die erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen is (vergelyk hoofstuk 10, punt 5.2).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## 8. FIGURE

(Tensy anders aangedui is alle foto's, planne en kaarte deur A.C. van Vollenhoven geneem of geteken. Noord is aan die bokant van alle planne en kaarte, tensy anders aangedui.)




**Figuur 8.1** Ligging van die Willem Prinsloo Landboumuseum (Nasionale Kultuurhistoriese Museum).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.2** Ligging van die plaas Kaalfontein met die 1913-huis deur 'n pyl daarop aangedui. Dit is op kaart 2528DC, Bronkhorstspruit, van die Suid-Afrikaanse 1:50 000 topografiese reeks.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 8.3** Lugfoto van die 1913-huis. Dit is die huis in die middel van die foto (Foto: F.T. Dreyer, 1993, foto no.: 93-2055).



**Figuur 8.4** Foto van die noordaansig van die 1913-huis teen ongeveer 1924 (Nasionale Kultuurhistoriese Museum: foto no.: 90-8370).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.5** Foto van die noordaansig van die 1913-huis, geneem in 1992, voor ontbosting.



**Figuur 8.6** Foto van die noordaansig van die 1913-huis, geneem in 1992, na ontbosting.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





1. AGTERSTOEP
2. SEUNSKAMER
3. HOOFSLAAPKAMER
4. KOMBUIS
5. SPENS
6. SITKAMER
7. GASTEKAMER
8. GANG
9. EETKAMER
10. VOORSTOEP
11. STOEPKAMER

**Figuur 8.7** Plan van die 1913-huis gedurende 1924-1927 (M. Naudé). Die oorspronklike plan het geen skaal nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


**Figuur 8.8** Terreinkaart van die 1913-huis en werf, met die opgrawings daarop aangedui.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





Nie volgens skaal nie
Sleutel:
o A5 Ysterpen
▨ Opgrawings

Die posisies van alle strukture is na die opgrawings deur Mnr. J. J. Prinsloo heraangedui & verskyn daarvolgens op die kaart.




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 8.9** Plan van die opgrawing van die bad- en strykkamer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.10** Aansig van die opgrawing van die bad- en strykkamer.



**Figuur 8.11** Detail van die gekompakteerde kleilaag onder die vloer van die bad- en strykkamer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.12** Plan van die opgrawing waar die watertenk en koeler verwag is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.13** Opgrawing van die verwagte posisie van die watertenk en koeler. Die stukke sement en klip in die agtergrond is moontlik die enigste oorblyfsels daarvan.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.14** Plan van die opgrawing waar oorblyfsels van die rondawel gesoek is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.15** Opgrawing waar oorblyfsels van die rondawel gesoek is. Hoewel niks hiervan gevind is nie, het die meeste van die ander opgrawings bewys dat mnr J Prinsloo se geheue taamlik akkuraat was. Die foto gee dus 'n goeie idee van die plasing van die rondawel ten opsigte van ander strukture en die 1913-huis.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.16** Plan van die opgrawing van die somershuisie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 8.17** Opgrawing van die somershuisie. Die gedeelte van die misvloer wat ontbloot is, is sigbaar regs onder.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.18** 'n Gedeelte van die misvloer van die somershuisie is ontbloot.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.19** Plan van die opgrawings by die agterstoep.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.20** Aansig van die opgrawing van die agterstoep.




**Figuur 8.21** Die agterstoep: Toetssloot 1, laag 2.

**Figuur 8.22** Die agterstoep: Plan, toetssloot 1, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA







Skaal 1: 25

Sleutel:

- ■ Stukkie baksteen
- ▽ Glas
- ▬ Skroef
- ⊙ Wasser
- □ Sement
- ○ Klip
- ■ Baksteen
- X Keramiek
- ● Boupuin

**Figuur 8.23** Die agterstoep: Plan, toetssloot 2, laag 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 8.24** Die agterstoep: Toetssloot 2, laag 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.25** Die agterstoep: Toetssloot 2, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.26** Die agterstoep: Plan, toetssloot 2, laag 2.


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.27** Die agterstoep: Plan, toetssloot 3, laag 1.


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Skaal 1:25
Sleutel:
- ● Boupuin
- ~ Ysterstafie
- ▲▲▲ Stuk Ystersaaglem
- ▽ Glas
- ▬ Skroef
- E Been
- ■ Baksteen
- □ Sement
- ⊙ Wasser
- ← Spyker
- ○ Klip

42m na A1 = 0° ←⊙ Basis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 8.28** Die agterstoep: Toetssloot 3, laag 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.29** Die agterstoep: Toetssloot 3, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.30** Die agterstoep: Plan, toetssloot 3, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Skaal 1:25


Sleutel:

- □ Blou sement
- ⊙ Wasser
- D Patroondoppie
- ○ Klip
- ● Boupuin
- ■ Baksteen
- ■ Stukkie Baksteen
- ▬ Koperpypie

42m na A1 = 0° ←⊙ Basis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

42m na A1 = 0° Basis




Skaal 1:25

Sleutel:

- ⊙ Wasser
- ○ Klip
- ■ Baksteen
- ▬ Skroef
- □ Sement
- ■ Stukkie baksteen
- ● Boupuin
- ▽ Glas
- ◣ Skroef met hakie
- ★ Binnekant van koeldrankdoppie met prentjie van Voortrekkermonument daarop

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.32** Die agterstoep: Toetssloot 4, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.33** Die agterstoep: Plan, toetssloot 5, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





42m na A1 = 0' ← ⊙ Basis


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.34** Die agterstoep: Plan, toetssloot 6, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 8.35** Die agterstoep: Toetssloot 6, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.36** Die agterstoep: Toetssloot 7, laag 2. Dit is onseker tot watter mate die klippe in die voorgrond met die huis en agterstoep verband hou. Waarskynlik is dit bloot puinmateriaal wat buite konteks gevind is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.37** Die agterstoep: Plan, toetssloot 7, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Skaal 1:25

Sleutel:


- □ Sement
- ■ Baksteen
- ○ Klip
- ● Boupuin
- T Teël
- M Gedeelte van muisval
- ◡ Tang

42m na A1 = 0' ←—— ⊙ Basis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.38** Die agterstoep: Plan, toetssloot 8, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





Skaal 1:25
Sleutel:
○ Klip
⊙ Wasser

42m na A1 = 0° ← ⊙ Basis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.39** Die agterstoep: Plan, toetssloot 9, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




N

Skaal 1:25

Sleutel:


| | |
|---|---|
| o | Klip |
| ● | Boupuin |
| E | Been |
| ▬ | Skroef |
| ⊙ | Wasser |
| B | Bout |
| □ | Sement |

42m na A1 = 0' ← ⊙ Basis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 8.40** Opgrawing in die seunskamer. Dit toon die fondament van 'n vroeëre verdelingsmuur in die vertrek.




**Figuur 8.41** Profiel, toetssloot 1, seunskamer. Die fondamentklippe is duidelik sigbaar.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.42** Plan van die opgrawings in die seunskamer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Skaal 1 : 25

Sleutel:

o Klip

▨ Puinmateriaal : vloeropvulling


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 8.43** Opgrawing in die voortuin. Die klippe dui op 'n paadjie wat uit die veertigerjare dateer.

**Figuur 8.44** Plan van die opgrawing van die ashoop.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





Skaal 1:50

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.45** Opgrawing van die ashoop. Die donkerbruin grondkleur toon dat daar min as op die hoop gegooi is en dat dit eerder uit ander rommel bestaan.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.46** Die ashoop: Plan, toetssloot 1, laag 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





Skaal 1 : 25

Sleutel:

| | |
|---|---|
| ▽ | Glas |
| ▽△ | Glaskonsentrasie |
| △B | Boom van bottel |
| △N | Nek van bottel |
| | Miniatuur glas bierbeker |
| ▼ | Spieëlglas konsentrasie |
| ⊡ | Glasbottel |
| △S | Glasbuis |
| Z | Porselein |
| [Z] | Porseleinkonsentrasie |
| Ƶ | Porseleinprop |
| Y | Erdewerk |
| ⊙ | Wasser |
| [U] | Ongeïdentifiseerde metaalkons |
| << | Draad |
| [<<] | Konsentrasie draad |
| U | Ongeïdentifiseerde metaal |
| ⊗ | Metaalwielietjie |
| ← | Spyker |
| | Gedeelte van spykers |
| | Konsentrasie spykers |
| | Konsentrasie skroewe |
| E | Been |
| [E] | Konsentrasie been |
| & | Skulp |
| [S] | Konsentrasie steenkool |
| | Askonsentrasie |


**Figuur 8.47** Die asho

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 8.48** Die ashoop: Plan, toetssloot 1, laag 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 8.49** Die asho

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 8.50** Die ashoop: Plan, toetssloot 1, laag 5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 8.51** Die ashoop: Plan, toetssloot 2, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 8.52**. Die ashoop: Plan, toetssloot 2, laag 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.53** Die ashoop: Plan, toetssloot 2, laag 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 8.54** Die ashoop: Plan, toetssloot 2, laag 5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.55** Die ashoop: Plan, toetssloot 3, laag 3.


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.56** Die ashoop: Plan, toetssloot 3, laag 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






Skaal 1 : 25

Sleutel:


- ▽ Glas
- ▽△ Glaskonsentrasie
- L Glaskraal
- [Z] Porseleinkonsentrasie
- Y Erdewerk
- KL Kaolien
- /G Stuk griffel
- N Potskerf
- 8 Konsentrasie perlemoen
- E Been
- [E] Konsentrasie been
- P Plastiese kraal
- ◄► Plastiese tandestokkie
- U Ongeïdentifiseerde metaal
- [U] Ongeïdentifiseerde metaalkonsentrasie
- ◄ Spyker
- Konsentrasie spykers
- ⊙ Wasser
- ⊖ Ronde metaalskyf
- << Draad
- [<<] Konsentrasie draad
- Ü Metaalhandvatsel
- [Ü] Rooikoper mansjetknoop
- D Patroondoppie
- ▬ Skroef
- [▬] Konsentrasie skroewe
- H Prop van Ohlsons bierbottel
- /P Loodornament
- H Metaalprop
- K Metaalknope

60m na A5 = 0
Basis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.57** Die ashoop: Plan, toetssloot 3, laag 5.


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.58** Die ashoop: Plan, toetssloot 4, laag 1.


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Figuur 8.59** Die ashoop: Plan, toetssloot 4, laag 2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






Skaal 1 : 25

Sleutel:

| | |
|---|---|
| ▽ | Glas |
| ▽△ | Glaskonsentrasie |
| △U | Metaal-& glasprop |
| L | Glaskraal |
| Z | Porselein |
| [Z] | Porseleinkonsentrasie |
| A | Gebreekte albaster |
| △N | Bottelnek |
| ⋚ | Gloeilampie |
| E | Been |
| ɕ | Gebreekte tand |
| K | Knoop |
| PT | Plastiese kamtand |
| U | Ongeïdentifiseerde metaal |
| ⊙ | Wasser |
| << | Draad |
| [<<] | Konsentrasie draad |
| ◄— | Spyker |
| [◄] | Konsentrasie spykers |
| ▬ | Skroef |
| D | Patroondoppie |
| B | Bout |
| XV | Keramiek voet van pop |
| ⋯ | Askonsentrasie |
| (■) | Konsentrasie bakstene |




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

60m na A5 = 0° ← ⊙ Basis




Skaal 1:25

Sleutel:

| | |
|---|---|
| ▽ | Glas |
| ▽△ | Glaskonsentrasie |
| Z | Porselein |
| E | Been |
| Ᵽ | Stukkie harde plastiek |
| K | Perlemoen knoop |
| ▬ | Plastiese skroef |
| U | Ongeïdentifiseerde metaalkonsentrasie |
| << | Draad |
| << | Draadkonsentrasie |
| ⊙ | Wasser |

**Figuur 8.60** Die ashoop: Plan, toetssloot 4, laag 3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 8.61** Twee fragmente van 'n porseleinpiering (bo) en een van 'n steenware vleisbord (onder) wat by die 1913-huis opgegrawe is (Foto: F.T. Dreyer, 1996, foto no.: 96-682).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 8.62** 'n Oorspronklike porseleinkoppie en -piering wat aan Bettie Prinsloo behoort het. Dit is deur die Prinsloofamilie gebruik en later aan die Nasionale Kultuurhistoriese Museum geskenk. Dit is deel van 'n "vyf rose" teestel, in ca. 1925 deur Schneider en Co in Tsjeggo-Slowakye vervaardig. Die stel stem ooreen met die twee skerwe in figuur 8.61 (Foto: F.T. Dreyer, 1996, foto no.: 96-681).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 8.63** 'n Oorspronklike opdienbak wat ooreenstem met die skerf van 'n vleisbord, wat by die 1913-huis opgegrawe is (figuur 8.61). 'n Rooi oksied en blou blompatroon is op die stel, wat van steenware gemaak is, afgedruk. Die vleisbord was deel van 'n harde steenware eetservies wat aan Cornelia Prinsloo behoort het. Die opdienbak is saam met die ander stukke aan die museum geskenk (Foto: F.T. Dreyer, 1996, foto no.: 96-676).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA